

Woensdag 30 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 19:16-30

Fokusgedeelte: Matteus 19:28

Wedergeboorte – 'n voorsmaak van die wederkoms!

Hoe weet jy dat jy die ewige lewe het? Omdat jy gereeld eredienste bywoon, of dankoffers gee, of nie skinder of steel nie? Omdat jy 'n goeie lewe probeer lei?

Jesus maak met die gelykenis van die jongman dit duidelik dat 'n mens nie die ewige lewe kan kry op grond van jou goeie dae nie. Jy kan nie die ewige lewe verdien omdat jy gebooie nakom soos die ryk jongman gedoen het nie. Jy kan ook nie die ewige lewe kry omdat jy baie vir God opoffer en Hom volg nie, soos die dissipels gedoen het. Die dissipels was, tipies menslik, ontsteld dat God nie hulle dae in ag neem om die ewige lewe aan hulle te skenk nie.

Ons Here Jesus verduidelik God se genade wanneer Hy dit duidelik maak dat God se genade ver bokant ons menslike manier van redeneer uitgaan. Jesus verseker sy dissipels daarvan dat wanneer Hyself op sy glansryke troon sit, hulle ook op trone sal sit. Hulle sal deel hê in die belangrike taak wat Jesus van sy troon af uitvoer.

Wanneer gebeur dit? Wanneer alles nuut gemaak, as't ware weergebore, word. 'n Nuwe bedeling breek dan aan.

Ons kry hier 'n voorsmakie van dit wat gelowiges met Jesus se wederkoms kan verwag wanneer Hy alles herskep. Ten spyte daarvan dat ons goeie dae nie help om die ewige lewe aan ons te verseker nie, plaas God ons in 'n hoër posisie as wat ons selfs voor die sondeval gehad het. Dit doen Hy deur ons Here Jesus wat ons skuld ten volle vereffen het. Die proses om deel te hê aan die ewige lewe, het reeds begin. Iemand wat deur God se Gees wedergebore is, kan uitsien na 'n plek in God se koninkryk wat baie heerliker is as wat ons onself kan indink.

Sing: Psalm 2-1:1, 4

Ds. EJ de Beer (Edmund) (Laeveld)